# Afrikaans

## WEEK 12
## DONDERDAG

## Graad 5


(Bron: Via Afrika)

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# IDIOME: Kies 'n idioom vir die volgende verklarings.

## IDIOME

**1) Met die stroom saamgaan. 2) Soos water op 'n eend se rug. 3) Die kop bo water hou. 4) Jakkals trou met wolf se vrou.**







## VERKLARINGS

- ❑ Iemand wat net-net lewe.
- ❑ Dit word gesê wanneer iemand nie na vermanings luister nie.
- ❑ Die son skyn terwyl dit reën.
- ❑ Iemand wat alles doen wat die meeste ander mense doen.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- 1) **Met die stroom saamgaan** - Iemand wat alles doen wat die meeste mense doen.
- 2) **Soos water op ’n eend se rug.** - Dit word gesê wanneer iemand nie na vermanings luister nie.
- 3) **Die kop bo water hoe**. - Iemand wat net-net lewe.
- 4) **Jakkals trou met wolf se vrou.** - Die son skyn terwyl dit reën.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# **TAALLEER:** Direkte en Indirekte rede

Daar is twee maniere om te skryf wat iemand sê. Die eerste is die werklike woorde van 'n persoon, bv. Karabo sê: "Ek gaan swem." Dit is **direkte rede**. **Aanhalingstekens(")** word voor en na Karabo se woorde gebruik.

Die tweede manier is wanneer iemand anders vertel wat die persoon gesê het bv. Karabo sê hy gaan swem. Ons noem dit **indirekte rede**. Geen aanhalingstekens word gebruik nie.

**SKRYF DIE VOLGENDE SINNE IN DIE DIREKTE REDE.**

1) Lance skree hy sien die see.
2) Karabo vra waar die see is.
3) Karabo sê die see is groot.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# ANTWOORDE:

- 1) Lance skree: ”Ek sien die see!”
- 2) Karabo vra: ”Waar is die see?”
- 3) Karabo sê: ”Die see is groot.”



**IDENTIFISEER EN BESPREEK:** Lees die titel van die dagboekinskrywing en bestudeer die illustrasie. Maak ’n **voorspelling** waaroor jy dink die inskrywing gaan.

’n Mislukte seevakansie

14 Oktober 2013

Liewe Dagboek

So is my hele vakansie bederf deur my ongehoorsaamheid.

Ek kan die see ruik en daarna luister, maar ek kan nie swem nie. Die sout in die seewater sal die wond soos die duiwel se vuur brand. Arme Lance word ook gestraf, want hy moet alleen in die branders duik.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

'n Mislukte seevakansie

14 Oktober 2013

Liewe Dagboek

So is my hele vakansie bederf deur my ongehoorsaamheid.

Ek kan die see ruik en daarna luister, maar ek kan nie swem nie. Die sout in die seewater sal die wond soos die duiwel se vuur brand. Arme Lance word ook gestraf, want hy moet alleen in die branders duik.

- Wie is die **skrywer** van die dagboekinskrywing?
- Lees die dagboekinskrywing en die storie, 'n Ongeluk, weer 'n keer en beskryf die **skrywer se gevoelens**!
- Beskryf ook wat is **jou gevoelens** toe jy dit gelees het hoe ongehoorsaam die skrywer was.

Laerskool Mikro Kopiereg ©